Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, July 14, 2022

Page: 25





# Dink mooi voor jy eksekuteur aanstel

**Ek is seker baie oorledenes sou in hul graf omgedraai het as hulle kon weet van die frustrasie waarmee hulle hul erfgename gelaat het met die onoordeelkundige aanwysing van 'n eksekuteur in hul testament. Hier is raad om dit reg te doen.**

Baie mense is lief daarvoor om 'n familielid of vriend as eksekuteur aan te stel, al het daardie persoon geen kennis van boedeladministrasie nie. Dit is nie slim nie. Dit is vals gemoedsrus.

Die probleme wat jy vir naasbestaandes kan skep met die onoordeelkundige aanstelling van 'n eksekuteur kan blywende skade aanrig. Finansieel vir erfgename, asook in familieverband.

Kinders raak aan die baklei oor hul pa se geld. Ek het dit al gesien. Soms staan hulle, ná 'n string beledigings en beskuldigings van oneerlikheid, teen mekaar in die hof. En daar gaan nog 'n klomp geld uit die boedel. En broederliefde is anderkant die horison verby.

Tweede huwelike en kinders uit vorige huwelike wat as eksekuteurs aangestel word, is myns insiens 'n resep vir moeilikheid. Om my punt te staaf, hieronder is die feite in 'n saak in die Wes-Kaapse hooggeregshof (Brimble-Hannath vs. Hannath en ander, 2021).

S is die oorledene se oorlewende gade. E en C is twee dogters uit 'n vorige huwelik en is as eksekuteurs van hul pa se boedel aangestel. S het 'n lewenslange verblyfreg op eiendom van hom geërf. Die res van die boedel het vererf na 'n trust, waarvan E en C begunstigdes én trustees is.

S het 'n eis teen die boedel ingestel ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990). E en C het op hul beurt 'n eis van meer as R4 miljoen teen die boedel ingestel, glo 'n lening deur die trust aan die oorledene om die huis ter sprake te kon aankoop.

S se aansoek aan die hof was om die eksekuteurs van hul pa se boedel te verwyder.

Die hof het beslis dat die aanstelling van E en C 'n onherstelbare belangebotsing geskep het. Hulle kon nie na behore hul fidusiêre plig as eksekuteurs nakom nie. Die hof het benadruk dat niemand 'n regter in sy eie saak kan wees nie, en het beslis dat E en C as eksekuteurs verwyder word.

## HOU DÍT IN GEDAGTE

Die eksekuteur is nie daar om in jou skoene te staan nie, soos ek baie keer hoor. Dit is snert. Die eksekuteur vervul 'n administratiewe funksie volgens wetlike vereistes en daarvoor is bepaalde kundigheid nodig.

Deur kinders (of enige erfgenaam) as eksekuteurs aan te wys, skep meer dikwels probleme as dat dit waarde toevoeg. As dinge in 'n hof beland, is dit gewoonlik die boedel wat vir die koste moet hoes. Die koste word betaal uit die restant van die boedel, wat restant-erfgename benadeel.

Jyself stel nie 'n eksekuteur aan nie, jy kan bloot een aanwys. Die meester van die hof doen die aanstelling. Dit vereis iemand met die nodige kundigheid. Hoekom dan nie maar van die begin af self iemand met kundigheid aanstel nie?

As jy nie weet wie om as eksekuteur aan te stel nie, moenie net gryp na die naaste vriend of familielid nie.

Inteendeel, as jy hulp verlang met die opstel van jou testament, kan ek met vrymoedigheid aanbeveel dat jy die Fidusiêre Instituut van SA se webwerf (www.fisa.net.za) besoek vir kundiges in jou omgewing. LBW

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen,
e-pos: **nico@finlac.com**
Twitter: **@Nicovangijsen**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.